



2) **WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO**
Reeks H: Inougurele Redes Nr. 9

3) **KOMMUNIKASIE: TAAL EN ONDERWYS,**
TWEE BELANGRIKE MOMENTE DAARVAN

C.P. van der Walt

KOMMUNIKASIE: TAAL EN ONDERWYS, TWEE BELANGRIKE MOMENTE DAARVAN

1. DIE AARD VAN KOMMUNIKASIE

1.1 Die eerste groot verband waarin die mens betrokke was, is deur die Skepper gelê toe Hy die mens na Sy beeld geskape het. Daarna het Hy die mens aan die wêreld gebind toe Hy hom oor die hele aarde en al die diere laat heers het¹⁾.

1.2 Toe God daarna gesê het dat dit nie goed is as die mens alleen is nie en Hy vir hom 'n hulp gemaak het wat by hom pas, het die mens se eerste kommunikasie met sy medemens begin. Kommunikasie was hier nodig omdat die man hier en die vrou daár was, buite hom, op 'n afstand, hoewel bereikbaar vir oog en oor. Die naamgee aan voëls, diere en plante was verder 'n belangrike moment en een waarmee intermenslike kommunikasie moontlik geword het²⁾.

1.3 Die onvertroebelde situasie dat voor die toring van Babel gebou is oor die hele aarde net één taal met een en dieselfde woorde gepraat is, was 'n versekering dat een mens teenoor elke ander mens in 'n baie nou verband gestaan het. Nooit was kommunikasie ooit weer so doeltreffend as tóe nie. Maar daarna het die spraakverwarring en die veelheid van tale gekom, die eerste algemene ernstige terugslag vir doeltreffende kommunikasie³⁾.

1.4 Saamwoon was nou van weinig betekenis en mense en volke het uitmekaar gespat om die tweede groot vyand van kommunikasie te skep: afstand.

1.5 Afstand beteken hier dat een mens buite bereik van oog en oor van sy naaste was. 'n Kode het nou nodig geword om hierdie groter afstand te oorbrug. Boodskapdraers met 'n briefie in 'n riet, tekens, 'n hardloper wat moes gaan oorvertel, en ander kanale het nodig geword om informasie oor te bring. Afstand en getalle het in verhouding toegeneem en geleidelik het dit vir die miljoene onmoontlik geword om met mekaar te kommunikeer. Die massamens het 'n eensame mens geword, teen Gods wil in, en dikwels sonder iemand wat by hom pas.

1.6 Die ontwikkeling van beskawing en kultuur en nog later van die tegnologie, het die mens as individu nog meer onafhanklik van sy medemens gemaak. Wat hy deur taalvervreemding en afstand verloor het, het hy toe gewen in wat hy vir homself kon skep.

1.7 Maar die vereensaming het geleidelik 'n vrees geword; dit was trouens met Adam reeds nie goed dat die mens alleen is nie. En nou leef ons weer in 'n tydperk waar homo sapiens al sy tegniese vindingrykheid wil inspan om afstand en taalbegrensing te oorbrug, om oral doeltreffend met sy medemens te kommunikeer. Hy het besef dat die versteurde gesprek hervat moet word.

1.8 Die wetenskaplike bestudering van kommunikasie het reeds so ver gevorder dat verskeie universiteite leerstoel daarvoor ingestel het. Op elke vakgebied word die belangrikheid van behoorlike kommunikasie tans besef. Of dit die teologie is, die psigologie, die filosofie, die linguïstiek, die letterkunde, die pedagogiek, kortom, by alle menswetenskappe gaan dit tans om die samesyn van een mens met die ander. Selfs in die meedoënlose sake-wêreld, of die wêreld van die diplomatiek, die politiek, oral is dit noodsaaklik dat doelmatige kommunikasie moet plaasvind, anders voel die mens so reddeloos as wat die maanreisiger sou voel as hy êrens in die leegtes *gestrand sit* en nie na die aarde kan terugkeer nie.

1.9 Hoe kommunikasie die menslike bestaan beheers, word eers begryp as ons dink aan die spannendste oomblikke van hierdie eeu en dalk ook van die menslike geslag tot dusver: miljoene mense volg in ademlose afwagting die maanreisigers se verbluffende tog. Gaan hulle weer uit die ruimte terugkeer om met die aardbewoners te kommunikeer of gaan die mees onmenslike lot hulle tref om in die geluidlose oneindige vir altyd te swerf?

2. DIE BRON VAN KOMMUNIKASIE

2.1 Die leer van die kommunikasie bestryk 'n ontsaglike wye veld, heeltemal te wyd vir hierdie geleentheid. Daarom wil ek my bepaal by die denke en taal as bron van kommunikasie-boodskappe en met behulp van hierdie inligting beweeg na die betekenis daarvan in die pedagogiek. Na belangrike sake soos die kibernetika en die vir die onderwys onmisbare leer van terugkoppeling met sy vraag-en-antwoordmetode, geluidsleer, die leerproses, kommunikasie in die tegniese wêreld, spraakleer, kommunikasie vir die sakeman, wiskunde en kommunikasie, statistiek, ens. kan nie eers verwys word nie.

2.2 Maar omdat die denke en taal die bron van alle kommunikasie by die mens is, is dit goed dat ons hier begin.

Die brein as denkbron beskik oor informasie om oor te dra of is bewus van 'n behoefte aan informasie by die ontvanger. Maar gedagtes as breinaktiwiteit is vir ons doel nog nie taal nie. Taal is onder andere sigbaar of hoorbaar gemaakte gedagte en die denke moet daarom vir die ontvanger se sintuie

waarneembaar gemaak word. Die fisiek waarneembare, onder andere klank of skrif, is die kodevorm wat ons taal noem.

D.H. Fink begin sy belangrike werk soos volg⁴⁾: „Man's darkest continent is the human mind ... The dark continent of the human mind exists not in libraries but behind inscrutable human eyes”, en is daarom ontoeganklik vir die waarnemer. As dié donkerheid eers taal geword het, kan ons begin gis oor bedoelings, wense, behoeftes.

2.3 Die neurofisioloë, Penfield en Roberts⁵⁾, toon onweerlegbaar aan dat in 'n bepaalde deel van die brein, naamlik die centrecephalon, dit is die binneste kern van die brein, die eintlike substratum van die bewussyn geleë is, die plek ook waar, fisiek, die taalbekoding plaasvind, die plek wat die oorsprong van kommunikasie is!

2.4 In sy proefskrif⁶⁾ is F.J. Labuschagne een van die weiniges wat 'n poging aanwend om die nog onontdekte van dié *donker kontinent* te verklaar. Hy toon aan hoe die logos origineer en uiteindelik taal geword het. So verken hy dan die onsienlike wêreld van die denke, 'n wêreld waarvan ons die inhoud nooit ten volle sal ken nie.

2.5 Maar die kommunikasieler berus op dié getuienis wat liefsvol met meetbaarhede werk. Hierdie meetbaarhede is almal êrens deel van die volgende komponente van 'n kommunikasiesisteem: Die bron van informasie of die brein; die sender of bekoder (die spraakorgane); die kanaal in die veelheid van vorme daarvan; die ontvanger of ontkoder (oor); die bestemming van die informasie (die brein).

2.6 Met sy sintuie neem die mens nou gestaltes uit sy omwêreld waar. Hy sien die blom in sy helder rooi, hy ruik die geur daarvan, hy voel dit en weet dan deur ervaring dat hierdie saak deur die klankteken *blom* voorgestel word.

Maar hierdie kenervaring, die blote gedagte van wat 'n blom is, kan nie op 'n direkte wyse aan 'n ander oorgedra word nie. Dit wat F.J. Labuschagne die *logos* noem, moet eers 'n fisieke vorm, dit wil sê 'n klank- of skryfteken word voor dit deur ander waarneembaar is. Die eerste voorwaarde vir kommunikasie is dus dat daar sintuie moet wees wat goed funksioneer.

2.7 Vanaf die senu-ente word die klank, reuk, ens. nou deur elektrochemiese impulse in kodevorm langs die senu-bane die binneste kern van die brein binnegelei waar die sintuiglike ervaring weer in die bestemming *logos* word. Hoe dit alles geskied, is deel van die *donker kontinent* waarvan ons min of niks weet nie. Maar mooier nog. In die ewigduerende wonder van die kommunikasie sien ons ook die gedurige bemoeienis van God met die

mens. Die mistieke verband tussen gedagtes en fisieke breinaktiwiteit is in ooreenstemming met die psalmdigter se dankbaarheid dat die mens 'n weinig minder as 'n goddelike wese is en dat hy moet heers oor die werke van Gods hand.

2.8 Maar om terug te keer. Vir die leer van kommunikasie en in besonder vir die pedagogiek is die begrippe bron, sender, kanaal, ontvanger en bestemming van groot belang. As kommunikasie nie volledig kon plaasvind nie, het erosie êrens langs hierdie pad plaasgevind. En nou is dit vir die kommunikator en die bestemming om vas te stel waar en wat langs die pad steuring veroorsaak het dat die boodskap nie kon deurkom nie. Lê dit by die bron waar die logos nie gekodeer is nie of swak gekodeer word? Lê dit by die swak sender, 'n ondoeltreffende kanaal of 'n ontvanger wat nie 'n hoogs getroue, presiese weergawe van die boodskap aan die bestemming kan gee nie?

Hoe ook al, daar is vyf vaardighede wat vir die didaktiek grondvaardighede is vir doeltreffende kommunikasie: om te kodeer is skryf en praat belangrik. Om te ontkodeer is lees en luister noodsaaklik, en laastens, vir beide kodering en ontkoding is dit wat in die Centrencephalon plaasvind, die denke, onmisbaar.

Maar ons keer later weer hierna terug.

3. 'N FILOSOFIESE BESKOUIING VAN KOMMUNIKASIE

3.1 Dit is nodig om die terrein van die kommunikasieleer as *Teorie van Informasie* nou vir 'n wyle te verlaat en op 'n ewe belangrike beskouing te wys, naamlik die filosofiese beskouing van kommunikasie. Die Joodse wysgeer en mistikus, Martin Buber, het reeds in 1878 die verhouding tussen mens en medemens as van grondliggende belang in die menslike bestaan gestel⁸⁾. In 1923 sê hy dat die eie-ek van die mens bepaal word deur sy verhouding met sy medemens.

Die titel van sy hoofwerk is *Ich bin Du*: Deur en in verhouding met 'n ander, word ek dit wat ek is en uiteindelik bepaal die ek-jy-verhouding ook my verband met God.

3.2 By Christen-denkers word die orde omgekeer: Volgens Van Peursen⁹⁾ is die betrokkenheid tot God ook in direkte verband met sy verhouding tot sy medemens.

Kommunikasie openbaar hom dus op tweërlei wyse: horisontaal van mens tot mens en vertikaal van God tot mens.

3.3 Kohnstamm¹⁰⁾ tipeer hierdie verhoudinge soos volg: een verhouding

streef na 'n Gemenebes van die Mensheid gegrond op 'n humanistiese lewens- en -wêreldbeskouing. Dit is ook 'n verhouding van een wat heers oor 'n ander of invloed het oor die ander.

'n Ander verhouding is dié van liefhê of om met idealisme die verband te hou. Die laaste verband is die van 'n teïstiese opgaan in 'n verhouding. Hier word gebid en gewerk „voor de komst van het Koninkryk Gods, wiens wil geschiede in de hemel als op de aarde”.

Hierdie beskouinge bevestig dat kommunikasie 'n fundamentele aspek van menswees is. Trouens, die woord self veronderstel onmiddellik die bestaan van nog 'n mens.

3.4 Selfs Socrates het hom besig gehou met bespiegeling oor die mens in verhouding met ander mense. Plato het dit ook gedoen in sy bepeinsings oor 'n ideale staatsvorm, en Aristoteles weer in sy besinning oor die mens in sy gemeenskap en gesinslewe. Die stoïsyn, Marcus Aurelius, het die twee groot deugde só geformuleer: stipte regverdigheid en 'n groot menseliefde, selfs vir barbaar en slaaf.

3.5 Die humanistiese filosoof, Karl Jaspers, lei sy vernaamste werk in met hierdie opmerking: „Ons filosofer nie vanuit die eensaamheid nie, maar vanuit die kommunikasie. Die vertrekpunt van alles is die houding en handelswyse van mens teenoor mens”¹¹).

Maar as Jaspers die mens aanraai om te wees net wat hy is, laat sy advies geen ruimte vir 'n etiek of vir die didaktiek nie. Hierdie standpunt maak elke opvoedingsprobleem onoplosbaar, veral as jy geen ideale vir die mens mag stel nie. Dit skakel ook alle kommunikasie uit en staan daarom lynreg teen sy stelling: ons filosofer nie vanuit die eensaamheid nie, maar vanuit die kommunikasie.

Om jouself te wees, hou nie in om te bly wat jy is nie, maar veronderstel juis om die hoogste potensiaal in die mens deur intermenslike verhoudings te realiseer. Vir die pedagogiek is dit van die allergrootste belang.

3.6 Die Christen-pedagoog sal sy leerlinge wil lei om die hoogste menslike waardes te besit. Kommunikasie sal dan 'n belangrike middel wees om die grootste opdrag uit te voer: jy moet jou God liefhê bo alles en jou naaste soos jouself.

Vir die opvoedkundige situasie is dit van groot belang om te weet: hoe beleef die kind sy saamwees met ander? Die *ander* sluit almal in: ouers, huisgesin, skoolmaats, onderwysers en die hele vreemde wêreld waarin hy leef.

Hy beleef sy medemens met 'n bonte verskeidenheid van emosies: vrolike

lewenslus, vereensaming, groot spanning, geesdriftige groepsgevoel, ens.

Al kommunikerende ontdek hy sy wêreld, oriënteer hy hom ten opsigte van mens, dier en plant, raak hy bewus van 'n vrees vir die dood, die groot isolator, en raak hy bewus van sy afhanklikheid van die Groot Bestierder van sy lot.

4. KOMMUNIKASIE EN DIE ONDERWYS

4.1 In die onderwysituasie vind kommunikasie plaas met 'n tweërlei doel: om die feitelike kennis oor te dra of om die nie-feitelike kennis wat gewoonlik te make het met karaktervorming en gewetensvorming, aan te bied.

Oor beide enkele gedagtes.

4.2 Laasgenoemde waarde word selde direk oorgedra, want die opvoedkundige hanteer dit versigtig. Soos die estetiese by 'n gedig, is hierdie meta-informasie, naamlik die rympatrone, aksente, beelde, ens., ook 'n boodskap wat ontvang moet word naas die direkte, die feitelike boodskap. Goethe het dit êrens treffend gestel: „Wie die mens neem soos hy is, maak hom slegter as wat hy is. Wie hom neem soos hy behoort te wees, inspireer hom tot wat hy kan wees. Wie die mens behandel asof hy reeds is wat ons wil hê hy moet wees, het hom reeds onderweg na wat hy behoort te wees”.

Hierdie is maar één metode om die tweegesprek wat Otto Bollnow die *Sprachlichkeit*¹²⁾ noem, suksesvol te voer. Die gesprek van die opvoeder is om die hoogste potensiaal in die mens se bestaan te ontdek en hierdie kwaliteite vir die individu self bloot te lê, sodat hy homself sien soos hy werklik is. Hierdeur ontstaan die onsigbare kommunikasie wat die voorspel is tot die invloed wat van die opvoeder uitstraal. In die kommunikasieproses is dit vir die pedagoog steeds nodig om voor oë te hou dat die mens die draer is van onvernietigbare persoonswaardes, bestem om as menswaardige wese sy weg te bewandel. Hy is die draer van waardigheid omdat hy intuïtief aanvoel en seker is dat elke ander menslike wese meer is as wat of hy of enigiemand anders van hom weet, en dat hy, soos Goethe dit ook bedoel, *meer moet wees as net homself* en dat hy deur niemand as middel gebruik mag word nie. Op hierdie basis kan die opvoeder doeltreffend kommunikeer.

4.3 Maar in die onderwysituasie is daar ook die oordrag van nugtere feite en die direkte kontak in die klaskamer waar die ontmoeting tussen dosent en student van primêre belang is.

Watter faktore bepaal die mate van kontak wat gemaak word?

Die mees primitiewe vorm van lesgee is seker die dikteer van aantekening.

Dit is 'n waarborg dat geen kommunikasie gaan plaasvind nie. 'n Bandopnemer sou so 'n les ewe goed kan hanteer en tereg is die stelling dan: „Any person who can be replaced by a machine, should be”. Daar is ook die ou beproefde resep om te waak teen die vier uiterstes in 'n les: pas op vir te veel of te min; te moeilik of te maklik. Êrens in die middel sal die ideale aanbieding lê.

Dit is veral die kibernetika of die leer van die terugkoppeling wat goeie kontak kan bewerkstellig. Deur vraag en antwoord ontstaan die *Sprachlichkeit* en word die geleentheid geskep om te *converse*.

Maar sekere voorwaardes lê ten grondslag van hierdie soort ontmoeting: die dosent en student moet self deeglik voorberei wees. Nadat die dosent sekere riglyne aangedui het, moet hy die mate van begrip peil deur vrae, hy moet nog verder verklaar, opdragte gee en mondeling en skriftelik laat rekenskap gee en die nodige evaluering doen.

Aan die student moet ruim geleentheid gebied word om te reageer deur vrae te stel, vrae te beantwoord en sy eie inisiatief en skeppende vermoë te ontwikkel.

Die selfstudie-taak en die gebruik van die biblioteek is 'n ander belangrike middel om kontak te maak.

Kan die dosent sy student aktiveer om die kerngedagte uit die konteks te lig en dit in eie woorde te formuleer? Kan hy die geldigheid van 'n standpunt bepaal en kan hy die geldigheid van argumente uitweeg en uiteindelik tot 'n gevolgtrekking kom wat getuig van insig, begrip en vertolking van die situasie of konteks?

Indien 'n dosent hierdie resultate uit sy studente kry, is dit 'n bewys van goeie kommunikasie wat hy bewerkstellig. Afskryf van mekaar se referate of die klakkelose oorskryf uit die bron is nie noodwendig 'n bewys van 'n swak tipe student nie.

5. KOMMUNIKASIE EN TAALGEBRUIK

5.1 Na die voorafgaande momente van kommunikasie wil ons die toepaslikheid daarvan vir die taalstudie, in besonder die Afrikaanse taalstudie, enigszins ondersoek. Uiteraard bestryk dit nog maar 'n baie klein deeltjie van die studieveld van die leer van kommunikasie, maar dan tog wel 'n baie belangrike deel.

5.2 Die omvang van die gesproke en geskrewe woord blyk uit die volgende: die gemiddelde mens kan gedurende 'n gemiddelde leeftyd so veel as 1 biljoen woorde gebruik of produseer¹³). Dit is bereken dat die Duitse psigoloog, Wilhelm Wundt, 53 735 gedrukte bladsye gepubliseer het oor 68 produktiewe

jare, dit wil sê een woord elke twee minute, nag en dag ingesluit. 'n Student wat al sy lesings bywoon en ruim gesprekke voer, hoor 'n 100 000 woorde per dag. As hy 'n stadige leser is met 300 woorde per minuut en hy lees 5 uur per dag, beloop dit 90 000 woorde per dag.

So 'n ywerige student kan dan maklik 'n driekwart biljoen woorde per jaar waarneem.

In 1965 het daar byvoorbeeld op die gebied van die mediese wetenskap alleen 1 500 boeke net in Engels verskyn¹⁴⁾. Dit beteken byna 5 boeke elke dag, Saterdag en Sondag ingesluit.

In 1966 was daar in Suid-Afrika, behalwe wetenskaplike en letterkundige boeke, ongeveer 800 publikasies: 171 koerante, 50 tydskrifte en 577 handels- en gespecialiseerde tydskrifte.

5.3 Hierdie verbysterende statistiek, waarop nog veel uitgebrei kan word, beklemtoon, terloops, die belangrikheid van maar een aspek van kommunikasie: leesvaardigheid. Maar hierdie stortvloed van woorde, dit wil sê boodskappe, wat vanuit die bron, met behulp van sender en kanaal, daaglik in 'n eindelose stroom vloei, is in elke fase blootgestel aan die erosiewerking van steuring voor dit die bestemming bereik. (Die moontlikheid van leksikale indigestie is buite rekening gelaat!).

5.4 Reeds by die bron van die boodskap kan die eerste erosiewerking plaasvind, want die logos moet helder en presies deur die bekodingsentrum, wat die taalvorme uit die magasyn blitsvinnig kies, in klankvorm gegiet word. Denkslordigheid kan onmoontlik effektiewe kommunikasie bewerkstellig, omdat die boodskap dan self geen trefkrag sal hê nie. 'n Onduidelike boodskap is geen helder boodskap nie en kan nie doeltreffend *spreek* nie. Die volgende is algemene voorbeelde van foutiewe groepering van taalvorme.

- * In die vlei is daar 'n paddakoor wat jubelend die ruimte inswee.
- * Stadig, met slaphangende ore, beweeg die wa in die stowwerige pad.

Die volgende dinkfoute maak kommunikasie 'n raaispul:

- * Die beeswagtertjie kom bulk-bulk met die beste kraal toe.
- * Veels geluk met die 22-jarige herdenking van jou geboortedag.
- * Ek kan nie siektebetaling kry nie. Ek het ses kinders. Kan u my sê waarom dit is?
- * Soos u kan sien, het ek geboorte geskenk aan 'n tweeling in die ingeslote koevert.
- * Ek is al 'n week in die bed met die nuwe dokter. Maar hy het my nie goed gedoen nie en ek sal vir my 'n ander dokter moet kry.

Dit is veral ook die bekoding en versending van die boodskap wat growwe steurings kan ondergaan. Die sender kies byvoorbeeld swak, verkeerde,

seldsame, hoogdrawende of te plat woorde. Hy verspreek hom, hakkel, sê dinge wat hy glad nie oor gedink het nie of probeer om wetenskaplik te vertoon deur ongemotiveerd vreemde en duister woorde te gebruik. Die bekoer kan senuagtig, kwaad, verskrik wees en sukkel om die boodskap ongeskonde in die kanaal te plaas.

Verder kan die erosie ook plaasvind terwyl die boodskap in die kanaal is: swak akoestiek van die saal, straatgeluide, 'n trein wat kort-kort die lesing onderbreek met 'n skril gefluit en geratel van wiele, persone wat hard praat, raas of so lawaai dat die kanaal sodanig oorlaai word met sturings dat daar geen ontvangs is nie of dan 'n uiters gehawende ontvangs.

Dan is daar by die ontvanger self dikwels 'n ruim mate van erosie aan die werk. Die persoon self kan doof wees of nie konsentreer nie. Op hierdie oomblik sit die ontvanger miskien met sy eie gedagtes wat meer boei as die boodskap wat van die sender kom. Die wesensard van die ontvanger gee tydens die ont-koding ook moontlik heel ander betekenis aan die kodes van die sender.

As al hierdie sturings wat 'n boodskap kan tref in gedagte gehou word, is dit 'n wonder dat kommunikasie hoegenaamd nog kan plaasvind, sê C.F. Rudolph¹⁵⁾. En inderdaad. 'n Mens hoef maar slegs die daaglikse lewe te betrag om die gevolge van swak kommunikasie waar te neem: sterftes op paaie; internasionale spanninge; klagtes teen die poswese; druiing by skoolleerlinge. A.P. Cronje het bevind dat druiing in rekenkunde by st. V-leerlinge veelal die gevolg is van swak ont-koding van die taalkode waarin die probleem gestel word. En nou is dit juis die groot persentasie van druiing by studente wat universiteite en kolleges spesiale aandag aan tersiêre didaktiek laat gee: êrens haper dit aan die ontmoeting tussen dosent en student.

5.5 Ons het reeds daarop gewys dat die kode tussen sender en ontvanger gemeenskaplik moet wees. Wat vir die een 'n blom is, moet vir die ander ook 'n blom wees.

Die kommunikasieler beweer betekenis lê opgesluit in die ontvanger se sensus. Die woord is net 'n prikkel wat die betekenis dan oproep. Hiermee vind die taalwetenskaplike fout.

Maar hoe ook al. Betekenis van woorde is van kardinale belang vir goeie kommunikasie en dit is goed om in gedagte te hou dat die vorm van 'n woord, die klankvorm, die draer is van die betekenis. Die eenvoudigste taalkundige verklaring van 'n gangbare begrip van wat 'n woord is, is dus dat dit uit 'n klankvorm en 'n betekenis bestaan. Soms kan die klankvorm van twee woorde dieselfde wees, maar die betekenis kan verskil. In hierdie geval het ons dus met twee heel verskillende woorde te doen. *Veld* wat 'n oop ruimte is en *veld* wat 'n sportterrein is, is twee totaal verskillende woorde alhoewel die klankvorm identies is. Dit is daarom verkeerd om te sê dat *veld* twee betekenis

het. Net soos *dogter* en *seun* is dit twee verskillende woorde, wat in terme van die kommunikasieeler ander betekenis in die ontvanger aktiveer. Om goed te kan kommunikeer moet dus tussen sender en ontvanger 'n gemeenskaplike betekenis *in gedagte gebring word*. Die sender moet naastenby weet wat die ontvanger van sy geluide gaan maak. Dit is 'n waagspel, maar uit die konteks of situasie moet darem so duidelik as moontlik blyk watter betekenis naastenby bedoel word.

Omdat 'n woord eenmalig van klank en betekenis is, kan daar derhalwe nie identiese woorde bestaan nie. Die woorde *chemie* en *skeikunde* mag dieselfde betekenis hê, maar hul klankvorm verskil en hulle is daarom nie identies nie. Dit is hoogs onwaarskynlik dat *chemie* en *skeikunde* dieselfde gevoelswaarde vir alle taalgebruikers sal hê. Elke senustel dra sy eie geskiedenis van woorde.

Dit is dus veilig om te sê dat die betekenis van woorde nie in die klankvorm of in die kode lê nie, maar by die bron, dit wil sê die denke van die sender, en by die denke van die ontvanger berus. Berlo se opvatting in dié verband verdien daarom ons goeie aandag¹⁶): „Communication does not consist of the transmission of meaning. Meanings are not transmittable, not transferable. Only messages are transmittable, and meanings are not in the message, they are in the message-users”.

Dus: Kommunikasie bestaan nie deur die oordrag van betekenis nie. Betekenis is nie oordraagbaar nie. Net boodskappe is oordraagbaar en betekenis lê nie in die boodskap nie, maar in die gebruikers van 'n boodskap.

Die sekerste bewys dat die bestemming nooit dieselfde betekenis aan die klankvorm van die woord geheg het as die bron nie, is die refrein na elke misverstand: Ek het jou mos gesê!

5.6 Hiermee het ons slegs 'n enkele aspek van die taalkunde rakelings ondersoek om die kommunikasiewaarde daarvan aan te dui. Die hele veld van die taalkunde lê nog daar met elke dissipline daarvan 'n onmisbare sluitsteen: die klankleer met sy rykdom van nuanse en aksent; die woord en sy bouvorm; die sinsleer, ens.

Tegniese soos behoorlike stemproduksie, en stemprojeksie, uitspraak, frasering en presiese formulering van die boodskap of opdrag is almal middele wat aangewend kan word om sturing te bekamp.

Terugkoppeling sou daarin bestaan dat die boodskap *oopgemaak* word, met ander woorde dat die ontvanger geaktiveer en gemotiveer sal wees om te antwoord. Hoe lewendiger die reaksie hoe doeltreffender is die kommunikasie.

5.7 Van die kant van die bestemming het die wêreld van die letterkunde sy

die kode waarmee gekommunikeer word. Hoe kommunikeer die woordkuns-tenaar deur middel van sy kunswerk met die bestemming? Dit is 'n ontsaglike groot wêreld hierdie om te ontsluit: wat was in die bron, die denke, werkzaam?

Hoe word die ontкодing aangepak om by die boodskap te kom en wat was die boodskap? Op watter graad van abstraksie was die bekoder ingestel en op watter golfengte moet die ontvanger ingestel wees om in sy ontкодing by die korrekte betekenis soos deur die bron bedoel, uit te kom?

5.8 Van die kant van die skrywer, die beoefenaar, is daar weer 'n ander wêreld om van kennis te neem. Vir die taalonderwyser gedurende die opstelle sal daar 'n baie lang lys *gulde reëls* wees waarvan die leerling gebruik kan maak om sy gedagtes vas te lê vir doeltreffende oordrag aan die leser. Ons laat die besonderhede van doeltreffende kommunikasie oor aan elkeen wat maar probeer om 'n opdrag, 'n boodskap, ens., korrek te formuleer sodat die ontvanger presies verstaan wat bedoel word. Dit is skryfkuns.

6. KOMMUNIKASIE EN TAALONDERWYS

6.1 Gedurende 1966 verskyn daar 'n studiestuk by *Het Onderwijskundig Studie-sentrum* in Amsterdam oor moedertaalonderwys in Nederland. 'n Belangrike bevinding in hierdie studiestuk is dat in die nuwe wêreld met sy veelheid van doeltreffende middele vir kommunikasie die taal veral beluister, dan gepraat, maar min geskryf word.

Die aanbevelings ter modernisering van die onderrig van Nederlands berus dan daarop dat die leerling eerder moet leer om sy gedagtes tydens spreekoefeninge presies te formuleer, nadat 'n opdrag goed beluister en bepeins is. Die belangrikste feite in 'n gesprek moet verder uitgelig word, die verband gesoek en dan die moontlike interpretasie gegee word. Kommunikasie beteken dus begrip, insig en interpretasie van wat gehoor word en wanneer die kommunikator aan die woord is moet gedagtes presies geformuleer word, dit moet oor die bepaalde onderwerp gaan en dit moet vars en nuut wees sodat dit by die hoorder belangstelling wek om verder te luister. Herhaling van afgeleefde begrippe werk swak kommunikasie in die hand. Nét nuwe feite is te ingewikkeld en nét ou feite weer vervelig. Die oorspronklike gedagte, 'n vonkelende idioom en 'n eie styl is die hoogste ideaal wat die taagebruiker homself moet stel, aldus dr. J.S. van Dam van die Onderwijskundig Studie-sentrum.

Ook L.D. Brennan¹⁷⁾ meen dat 90 persent van alle kommunikasie deur taal mondeling geskied. Berlo¹⁸⁾ sê weer dat die gemiddelde Amerikaner 70 persent van sy tyd bestee om verbaal en wel mondeling te kommunikeer.

6.2 Tydens persoonlike besoeke aan hoërskole in verskeie Wes-Europese lande is bevind dat die taalgebruikskunde aansienlike voorkeur geniet bo 'n formele taalstudie.

Trouens, na st. 8 word in die meeste skole geen formele grammatika meer gedoen nie. Die klem val dan hoofsaaklik op onderrigmetodes van die taal wat die leerling sy moedertaal korrek en doeltreffend laat gebruik. Die taalwetenskap word vir die Universiteit gelaat en nie aan die hoërskool reeds beoefen nie.

6.3 Dit is 'n ope vraag of in ons skole die taalwetenskap nie al te veel ter wille van die taalwetenskap aangebied word nie, met ander woorde funksieloos. Die vraag is of 'n ongemotiveerde en formele taalstudie die nodige insig in en grondslag vir sinvolle kommunikasie gee. Die insig wat taalstudie meebring moet so aangewend word dat die leerling self kan oordeel wanneer volkome kommunikasie plaasvind. Indien taalstudie op skool nie hiertoe lei nie, is dit futiel.

6.4 Daar is wye kommer oor die Afrikaanse leerling en Afrikaanse student se taalgebruik en taalvermoë, met ander woorde, 'n gebrek aan die vermoë om te kommunikeer. Dit is ook veelseggend dat in sommige dele van ons land 'n sappige, idiomatiese en ongekunstelde taalgebruik meer opvallend is as in ander dele. Die eksaminator merk dikwels dat die taalgebruik van matrikulante van sentrum tot sentrum verskil. Dit is nog 'n bewys dat sekere faktore buite die leerling 'n invloed op die gebruikskunde van sy taal het. Ons glo dat in daardie gevalle waar 'n onbevredigende toestand heers, êrens erosie kon plaasgevind het: by die bron, die kode, die boodskap, die kanaal, die ontvanger of die bestemming. Presies waar, kan wetenskaplik vasgestel word.

6.5 In die kaleidoskoop van dit wat al die fasette van taalonderrig is, is daar nog een aspek wat genoem moet word. In die hoogs gedifferensieerde gemeenskap waarin ons leef, word 'n brandende vraag tans op nasionale vlak gestel: Kan 'n onderwyser met 'n hele klas kommunikeer as dit 'n heterogene groep is en dieselfde leerstof aangebied word? Anders gestel: moet homogene groepe gevorm word en moet daar dan 'n gedifferensieerde program aangebied word? Indien wel, hoe moet hierdie program daar uitsien en wat moet dit inhoud?

6.6 Dit lyk of afsonderlike ontwikkeling 'n lewenswyse nastreef waardeur verskillende rasse eers in eiesoortige groepe met mekaar sal kommunikeer en daarna met ander etniese groepe kontak sal hê. 'n Gedifferensieerde onderwysstelsel sou dieselfde doel kan dien: verskeidenheid in aard, vermoë, belangstelling, taal, ens. verdien elk 'n eie wyse van benadering.

6.7 Maar die vraag is of die streep nie ook verder getrek moet word ter wille van die taalonderwys nie? Wat verlang die universiteit van 'n eerstejaar ten opsigte van sy taalvermoë, en wat verlang die bank, die staatsdiens, die fabriek en die plek waar vakleerlingskap uitgedien word op die tydstip van diensgereedheid?

6.8 Ons glo nie elke individu word bereik indien dieselfde sillabus vir byvoorbeeld die A- en B-baan op hoërskoolvlak gebruik word nie. Ons glo dat ons onderwysowerhede erkenning sal verleen aan hierdie grondliggende beginsel met dié vooruitsig dat 'n matrikulant in die toekoms op nasionale vlak vakke op 'n hoër of laer trap sal kan neem. Dit sou net so min 'n bepaalde minderwaardige stempel op 'n leerling afdruk as wat 'n B.Sc.-student minderwaardig is ten opsigte van 'n B.A.-student, of 'n matrikulant met 'n sertifikaat vir die Eindeksamen dit is ten opsigte van 'n leerling met toelating tot 'n Universiteit: andersheid impliseer nog nie minderwaardigheid nie. Minderwaardigheid is 'n konnotasie wat oningewydes daaraan mag heg en 'n bewys dat geen kommunikasie met 'n situasie plaasgevind het nie.

In die ongekompliseerde wêreld van gister was 'n gedifferensieerde sillabus, veral na die inhoud, nie so nodig nie. Maar die wydverspreide klagtes oor die agteruitgang van die gebruiksvermoë van die moedertaal in haas elke Westerse land, dwing tot 'n deeglike ondersoek van die probleem.

Dit is egter verbasend dat in geen land nog 'n wetenskaplike ondersoek ingestel is na die wenslikheid van gedifferensieerde sillabusse vir die moedertaal nie. Ons is oortuig dat die beginsels van die leer van kommunikasie kan help om veel lig te werp op die oorsake van hierdie leemte. Ons glo verder dat die oorsake gevind sal word in die feit dat die ontploffing van kennis van hierdie eeu die diversiteit van die mens, selfs in 'n gemeenskap, sodanig verhoog het dat doeltreffende kommunikasie tussen sillabus en leerling verbreek is.

7. Die Skrif leer ons dat selfs Christus gesê het dat as Hy van homself getuig, dit wil sê as Hy slegs kragtens sy menslike natuur sou getuig, Sy getuienis nie die waarheid is nie¹⁹⁾. En verder dat die Satan leuenaar is omdat hy uit sy eie praat²⁰⁾.

Saam met Van Peursen²¹⁾ glo ons dat as ons hierdie omskrywing van waarheid aanvaar, dit ten nouste verbind is aan kommunikasie. Ons glo dan dat iets wat jy uit jouself neem, beslotenheid, opgeslotenheid en die eensaamheid self is. Dít is nie die waarheid nie.

Die waarheid is om uit jouself te tree en selfs jou lewe vir 'n ander te gee. U weet wat die dieper betekenis hiervan is. Daarom is kommunikasie die verruiming van 'n horison, die vernuwing van die lewe self, is dit niks

anders nie as die groot worsteling van die Mensheid van hierdie dag om weer 'n gemeenskaplike horison te vind, om in 'n wêreld waar die individu in die massa verdwyn het en deur tegniese wonders totaal deur die masjien beheers word, weer deur sy medemens in 'n menslike taal begryp te word.

Om innig te luister na die dinge wat jy reeds weet net om dit opnuut te kan ontdek, om te luister na die verrassende, die ontstellende, om jouself te word in teenstelling met die andersheid van die medemens, is in wese die kommunikasie van mens tot mens.

En as ons dit alles doen in Sy Lig, voltooi ons die kringloop en voer ons Sy groot opdrag uit om te heers oor hierdie deel van sy Skepping.

VERWYSINGS

1. Gen. 1:26.
2. Gen. 2:18-19.
3. Gen. 11:1 en 7.
4. FINK, D.H. 1954. *Release from Nervous Tension*. London, Allen and Unwin.
5. PENFIELD, W. & ROBERTS, L. 1949. *Speech and brain mechanisms*. Princeton, Univ. Press.
6. LABUSCHAGNE, F.J. 1969. Die funksielingemaat in Afrikaans; 'n lingologiese benadering. Potchefstroom. Proefskrif (D.Litt.) – PU vir CHO.
7. BERLO, D.K. 1961. *The process of communication*. New York, Holt, Rinehart and Winston. p. 31.
8. VAN PEURSEN, C.A. 1958. *Filosofiese oriëntatie*, Kampen, Kok. p. 227.
9. VAN DEN BLINK, W.P. 1961. *Groepsvorming en communicatie*. Amsterdam, Meulenhoff. p. 13.
10. ERASMUS, O.C. 1957. *Die personalisme van Kohnstamm en die betekenis hiervan vir sy prinsipieel-pedagogiese denkbearde*, Pretoria. p. 40.
11. JASPERS, K. 1948. *Philosophie I (Vorwort)*. Berlin, Springer-Verslag. p. viii.
12. BOLLNOW, O.F. 1970. *Education*. Tübingen. 1:20.
13. VAN DEN BLINK, W.P. 1961. *Groepsvorming en communicatie*. Amsterdam, Meulenhof. p. 28.
14. CARROLL, J.B. 1964. *Language and thought*. London, Prentice-Hall. p. 2.

15. VIVIERS, J.C. 1966. The Book Explosion. *Rand Daily Mail*, 29 Oct. p. 11.
16. RUDOLPH, C.F. 1964. Kommunikasie en taal. (In Van der Merwe, H.J.J.M. red. Inleiding tot die taalkunde. Pretoria, Van Schaik. p. 16).
17. BERLO, D.K. 1961. The process of communication. New York, Holt, Rinehart and Winston. p. 175.
18. BRENNAN, L.D. 1964. Modern communication effectiveness. Englewood Cliff, N.J., Prentice-Hall. p. 428.
19. BERLO, D.K. 1961. The process of communication. New York, Holt, Rinehart and Winston. p. 1.
20. Joh. 5:31.
21. Joh. 8:44.
22. VAN PEURSEN, C.A. 1963. Lesing gehou in Pretoria, 26 September 1963.

ANDER BRONNE

1. BEYERS, E. 1969. Kommunikasiesielkunde. Pretoria, Van Schaik. (Sielkunde Biblioteek, no. 12).
2. BOK, S.T. 1964. Cybernetica (stuurkunde) hoe sturen wij ons levens, ons werk en onze machines? 5e dr. Utrecht, Aula-Boeken.
3. CHERRY, C. 1966. On human communication; review, a survey and a criticism. 2nd ed. Cambridge, Mass., MIT Press.
4. GREY, G.W. & WISE, C.M. 1959. The bases of speech. 3rd ed. New York, Harper & Row.
5. MEERLOO, J. 1952. Conversation and communication; a psychological inquiry into language and human relations. New York, International Universities Press.
6. STUDIES in communication. 1955. London, Secker & Warburg.